

die Dopper Chopper

CACHET

GEREFORMEERDE KERK

22 Julie 2018

Semester II: Uitgawe 19

Potchefstroom

www.gkcachet.org.za



Fondsinsameling vir die bouprojek, week 7 –
kontak vir Brahm met navrae (nommer op bl. 4)

6%

Hierdie week ingesamel: R10 000

Dusvêr ingesamel: R88 408

Oggenddiens

Brahm Robinson

Lees:

Matteus 6:19-24

Sang:

Psalm 131 [soos geprojekteer] *vooraf*

Psalm 33–1: 1, 6 & 11

Tema:

Skatte in die hemel

Skrifberyming 12–3: 1-2

Psalm 15–2: 1-4

Skrifberyming 17 (17–1) : 1, 5 & 6

Aanddiens

Prof. Johannes Smit

**Verjaarsdae verlede en
hierdie week, 15-29 Julie:**



Reece	Alberts	07/18	0845073323
Theuné	Van der Walt	07/18	0726014299
Ché	Hendriks	07/19	0849223839
Tinus	Potgieter	07/24	0721223394
Isabelle	Smit	07/24	0820417260
Elsa	Stoker	07/28	0835015509

**KOM GENIET TEE EN
KOFFIE EN GESELSKAP
NÁ DIE AANDDIENS**



KAMPUS BASAAR

27-28 Julie 2018

Cachet gemeentesentrum
Hoffmanstraat 28. (Kampus se hoofingang)

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

VRYDAG

17:00-22:00

Sop, wyn, koffie, stalletjies en
musiekuitvoerings

KOMPETISIES

Fyngebak
Tafeltennis
Kreatiwiteit



INSKRYWINGS SLUIT:
28 Julie 10:00

JAG PAKKET VEILING

4 Pakkette elk ter
waarde van R25 000

VEILING VIND PLAAS:
28 Julie 11:00 - 13:00



SATERDAG

08:30-14:30

Kosstalletjies, teetuin,
speletjies, kinderhoekie,
stalletjies en
jagpakket-veiling

KINDERHOEKIE

Speletjies
Baba hondjies
Hasies
Lekkernye



VERKOPINGS

Witolifant-verkoping

Tweedehandse:
Boeke
Klere



Vir meer inligting: www.gkcachet.org

Laerskool Koningskindersaksie

27 Julie 2018 13:30-17:00 GK Bult

Prieur du Plessis- 071 686 4586

Willem van der Meer- 073 021 6871

Monique de Klerk- 078 802 6478



**Kalender: maak knopies
in die ore!**

Julie

22: Besoek aan Venterskroon na die oggend
-diens, asook Rooipoortjie-uitreik daarna

27: Doppersquash, 15:00-18:00,
Weermagbane, R50 p/p, mans & dames,
16 plekke beskikbaar. Kontak vir Brahm om
in te skryf by 064 656 1374.

27: Laerskool Koningskindersaksie

27-28: Cachet Basaar

29: **Gesamentlike erediens om 10:30 in
die Oudit**

Augustus

9-12: Koningskindershoërskoolkamp



WIE IS MUKHANYO?

'N AKADEMIESE INSTELLING MET 'N MISSIONÊRE
HART.

MUKHANYO IS 'N MULTI-DENOMINASIE
GEREFORMEERDE CHRISTELIKE AKADEMIESE
INSTELLING WAT IN DIEPTE BYBEL OPLEIDING
AAN KERKLEIERS EN JONG MENSE AANBIED. OM
HUL SODOENDE VOOR TE BEREI VIR DIE
BEDIENING VAN GOD SE WOORD AS PASTORE EN
GETUIES.

CHRISTENE IN SA WORD DEUR HUL OPLEIDINGS
PROGRAMME BEREIK DEUR HUL 40+
AFSTANDSLEER SENTRUMS IN DIE LAND.

DIE AFSTANDS LEER BIED DIE VOLGENDE OPSIES

- CHRISTELIKE DISSIPELSKAP SERTIFIKAAT
- DIPLOMA IN TEOLOGIE
- INFORMELE LEER SONDER ENIGE ERKENNING

WAT DOEN CACHET?

ONS HET BESLUIT OM 'N MUKHANYO AFSTAND SENTRUM
TE OPEN OM SODOENDE 'N BASIS TE VESTIG WAAR DIE
GEREFORMEERDE LEER AAN DIE PLAASLIKE
GEMEENSAP GELEER KAN WORD.

HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

ONS HET MENSE NODIG OM TE HELP MET DIE
VOLGENDE:

- TUTORS
- TUTOR HELPERS
- ADMINISTRASIE
- BEMARKING
- BORGE EN BEURSE
- FINANSIES

WIL JY HELP?

KONTAK VIR
LOUIS VAN DER WALT - 076 631 0006
ANNEKE VAN DER WALT - 082 352 5049



KOM SKRYF DIE
BYBEL
 WOORD-VIR-WOORD
 MET DIE HAND!

WANNEER:

4-5 Aug 2018
 06:00am - 06:00am

WAAR:

Chris Hani
 Street 85,
 Potchefstroom

VOLG ONS:

Facebook:
 @Bybelverspreiding

082 800 7342

DIE HERVORMDE KERK POTCHEFSTROOM SUID NOOI JOU OM DEEL TE WEES VAN GESKIEDENIS OM DIE BYBEL WOORD-VIR-WOORD MET DIE HAND OOR TE SKRYF.

Om jou liefde vir die Woord uit te leef - bring jou gesin, selgroep, Bybelstudiegroep, skool, gebedsgroep en ander belangstellendes saam om deel te wees van hierdie wondelike inisiatief.

Vir 'n minimum donasie van **R50** kry jy 'n skryfbeurt van 'n aangewysde bladsy. Alle donasies wat ingesamel word op die dag gaan vir Bybelverspreiding alleenlik. Vir verdere inligting, kontak ons op 082 800 7342 of 066 464 6234.

Vooraf betalings kan gedoen word by die Hervormde Kerk Potchefstroom Suid, Dinsdae tot Donderdae vanaf 08h00 - 16h00 of EFT na Hervormde Kerk Potch Suid
 ABSA, Tjekrekening: 680580065 Takkode: 632005
 Verwysing: Jou selfoonnommer (baie belangrik).

**HET JY 'N EKSTRA BYBEL?
 BRING HOM ASSEBLIEF VIR ONS!
 KORT JY 'N BYBEL?
 KOM HAAL EEN BY ONS!**

HERVORMDE KERK POTCH SUID

H/v Chris Hani & Kock Straat,
 Potchefstroom. 082 800 7342
 Nhkps@safricom.co.za

Die kamp het die afgelope vakansie (8-13 Julie) plaasgevind te Nooitgedachtkampterrein langs die Vaalrivier. Die kamp se tema was "Alles wys na Christus". Daar is vanuit die geheel van die Skrif gewys hoe ons God se werk deur die geskiedenis en die skep-



ping kan sien en hoe alles in die Bybel wys dat God ons in Christus verlos.

Daar was 19 kinders asook 10 seniors wat kos gemaak het en 10 wat bestuur uitgeoefen het en ook groepe gelei het. Daar was verder ook 3 predikante op die kamp wat die Bybelstudies opgestel het, aanbiedings gedoen het en huisbesoek by al die kampgangers gedoen het.

Elke dag is daar 'n persoonlike stiltetyd, tematiese aanbieding, groepsbybelstudie oor die tema asook 'n geleentheid vir terugvoer oor die persoonlike stiltetyd gehou. Die kamp is besonders geseënd gewees en was opbouend en die terugvoer vanaf al die kampgangers was positief. Wat ook uitstaan op die kamp is die lekker lawwe videos van die kossan (gaan loer gerus op



Facebook by "Nooitgedacht Skoolverlaters") asook die immergewilde stryd tussen die kossan en die skolies. Die kamp sal volgende jaar weer in die Julie-vakansie plaasvind.

Okakarara:

Ons was altesaam 16 mense wat na Okakarara gegaan het (15 studente en Ds Brahm Robinson) waar ons van hoërskole en kleuterskole in die gemeenskap besoek het. Ons het deur middel van 'n prediking en 'n woordlose opvoering vir hulle oor sonde en verlossing geleer. Daar was dan ook geleentheid vir vrae wat pla. Ons het daaglik gaan huisbesoek doen in die dorp asook in die aande by die plaaswerkers. Ons groep het ook deur-tot-deur evangelisasie gaan doen. Ons het twee aande Bybelstudie by ons kampterrein gehou saam met die mense vanuit die gemeenskap. Daar was ook baie vrae wat hulle gepla het, be-



spreek. Ons het mekaar ook onderskeidelik bedien deur ons kulture se geestelike musiek vir mekaar te sing. Daar is oor die 150 Bybels uitgedeel in Herero, Engels en Afrikaans.

Ons groep bo-op die Waterberge



Die uitreik was besonders leersaam vir elkeen van ons, en ons glo daar is saadjies geplant en natgegooi wat God sal laat groei. Ons beoog en bid dat ons volgende jaar weer so 'n uitreik sal kan hou.



Die groep van 13 lede, tesame met ds. Heinrich Zwemstra en oudl. Gert van der Merwe vanaf die GK Walvisbaai/Swakopmund, was tydens die Julie-vakansie vir agt dae werksaam in die gemeenskap van Drimiopsis en onder die lidmate van die GK Sanveld. Die groep het gekamp op 'n plaas lanks die woning van ds. Jeremia Moletsane, predikant van die GK Sanveld.



Tydens die besoek was daar huisbesoeke gedoen by die gemeentede wat in Drimiopsis en op plase in die omliggende omgewing woon. In die oggende het die groep by Hippo Laerskool geopen met Skriflesing en gebed en in die middag saam met die leerders gaan baljaar. Daar was ook besoek afgelê by die Sanveld Kindergarten. Ons is dankbaar dat ons R1000 kon

skenk vir die Bybelvertalingsprojek waarmee ds. Jeremia besig is, asook 'n hele klomp Bybels wat versprei sal word onder die inwoners van Drimiopsis. Onder leiding van Ammie Miske het die groep die nuwe gebou van Sanveld Kindergarten geverf.

Eredienste:

Afrikaans (met tolking na Engels) – 9:30 en 19:00 in die Sanlam-Ouditorium,
NWU-PUK, Potchefstroom

Engels – 10:45 in die Gemeentesentrum, Hoffmanstr. 28

Kom Net / Just Come – Sondagmiddae 16:30 by gebou B7

Kerkkantoor:

Tannie Elsa Venter – 018 294 4894 of 079 494 7360

Ure – 08:30-14:00, weksdae

Gemeentesentrum, Hoffmanstr. 28, langs die NWU-PUK se hoofhek

E-posadres – admin@gkcachet.org.za

Predikant:

Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374
brahmrobinson@gmail.com

Susters:

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

Predikant, Venterskroonwyk:

Prof. Rantoa Letšosa – 072 621 8387

Jubila-voorsitter:

Jan Gerhard Venter – 083 653 4938
jgventer27@gmail.com

Hulpredikante:

Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921

Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee –
084 577 1777

Kom Net:

Koos Müller – 079 707 1748

Pastorale berader:

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

Koster & PowerPoints:

Pierre Muller – 072 780 2866
ggpmuller@gmail.com

Voorsitter van die diakonie

(vir koskas, nood en skenkings):

Hanco Buys – 084 553 0011

Stuur enige inligting vir die

DopperChopper na:

Hardus Ludick – 082 324 4123
hardusludus@gmail.com

Bankbesonderhede

Gereformeerde Kerk Cachet

Takkode: 335-138

ABSA-tjekrekening

Rekeningnommer: 06 7034 0023

Verwysing: voorletters en van & wyk

voor of op Donderdae om 20:00

Allerlei:

Dirk Meijer – 084 488 5032

Vir vervoer na eredienste of kerkaksies:

Hardus Ludick – 082 324 4123